


# BELEGGINGSoorsig

As ‘n verantwoordelike rentmeester streef Remgro daarna om **volhoubare waarde** vir **belanghebbendes** te skep deur in ‘n portefeulje van besighede te belê wat **voortreflike verdienste, dividend- en kapitaalgroei** oor die lang termyn kan verseker, terwyl tot meetbare en positiewe maatskaplike en omgewingsimpak bygedra word.

# BELÊ in sektore

## met 'n stewige vertoningsrekord

### Gesondheidsorg
- Mediclinic Group

### Verbruikersprodukte
- Distell
- Heineken beverages
- CVH A Spirits Company
- RCL Foods
- Siqalo Foods

### Finansiële dienste
- OUTsurance
- BusinessPartners The Entrepreneur's Financier

### Infrastruktuur
- Community Investment Ventures Holdings
- SEACOM
- Ubiquity Energy

### Nywerheid
- Air Products
- TotalEnergies
- Wispeco Aluminium
- PGSI PGSI Limited

### Gediversifiseerde beleggingsvoertuie
- kth Kagiso Tiso Holdings
- Prescient
- Milestone Capital
- invenfin
- Pembani • Remgro Infrastructure Fund
- Asia Partners

### Media
- e

### Portefeuljebeleggings
- FirstRand
- Discovery
- momentum Metropolitan
- BAT A Better Tomorrow

### Maatskaplike impakbeleggings
- Bulls
- Stellenbosch Academy of Sport
- Stellenbosch Football Club

# GESONDHEIDSORG

| Bydrae tot wesensverdienste | **30 Junie 2023 R miljoen** | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| Mediclinic | **1 691** | 1 267 |

MEDICLINIC GROUP

**50.0%** Effektiewe belang

## Profiel:

Mediclinic verskaf omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag in Suider-Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate, Switserland en die Verenigde Koninkryk.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** £3 972 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** R van der Merwe

**Remgro genomineerde direkteure:**
J J Durand, P J Uys, A Elias, S Crouse (alternatief)

**Webwerf:** www.mediclinic.com

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 31 Maart 2023 £ miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **3 618** | **11.9** |
| Bedryfswins | **78** | **(72.1)** |
| Aangepaste verdienste | **192** | **15.0** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R112 miljoen

**Aantal werknemers:** 36 496

**BBSEB-status:** Vlak 4

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 205 281 ton $CO_2e$

## Mediclinic Group Beperk (Mediclinic)

Mediclinic het 'n Maart-jaareinde en die resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2023 is in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig teen 44.6% geëkwiteer. Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R1 691 miljoen (2022: R1 267 miljoen) bedra, wat 'n toename van 33.5% verteenwoordig. Ingesluit in Mediclinic se bydrae is 'n addisionele voorsiening vir transaksiekoste aangegaan voor 30 Junie 2023 ten bedrae van R539 miljoen,

wat verband hou met die verkryging deur Manta Bidco Beperk (Bidco), 'n nuutgevormde maatskappy wat gesamentlik deur Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA besit word, van die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic, buiten die Mediclinic-aandele wat Remgro reeds besit (die Verkryging). Bidco en Mediclinic het transaksiekoste van onderskeidelik R247 miljoen en R292 miljoen voorsien, wat bykomend is tot die R78 miljoen wat reeds in Mediclinic se resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 verantwoord is. As gevolg van die Verkryging, het Remgro se indirekte belang in Mediclinic van 44.6% tot 50.0% (of met 5.4%) op 6 Junie 2023 toegeneem, die datum waarop Mediclinic-aandeelhouers hul aanbodprys ontvang het. Remgro sal Mediclinic se resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 teen 44.6% vir die eerste twee maande en 50.0% vir die volgende 10 maande verantwoord.

Mediclinic gebruik aangepaste inkomstestaat-rapportering as nie-IFRS-maatstaf om prestasie te beoordeel en as 'n metode om duidelike en konsekwente rapportering te verskaf.

Mediclinic het 'n moeilike eerste helfte ervaar weens makro-ekonomiese druk, met 'n verbeterde prestasie in die tweede helfte van sy boekjaar. Mediclinic se omset het met 12% tot £3 618 miljoen (2022: £3 233 miljoen) en 4% in konstante wisselkoersterme toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n 11.2%-groei in binnepasiënt- en 'n 16.2%-groei in dagtoelatings, wat deels teengewerk is deur 'n laer gemiddelde omset per geval weens veranderinge in die mengsel van gevalle, vererger deur die na-Covid-19-omgewing en tariefverhogings benede die inflasiekoers.

Aangepaste EBITDA was 9% hoër op £570 miljoen (2022: £522 miljoen) en 1% hoër in konstante wisselkoersterme. Die aangepaste EBITDA-marge was 15.8% (2022:16.1%), wat die uitwerking weerspieël op matige omsetgroei, verhoogde werknemerskoste wat aangegaan is weens die algemene verpleegsterstekorte in Switserland, asook sterk seisoenaliteit en verhoogde personeelgetalle wat verband hou met kapasiteitsuitbreiding in die Midde-Ooste.

Switserland se omset het met 1% tot CHF1 900 miljoen (2022: CHF1 885 miljoen) toegeneem, danksy omsetgroei van 2% in binnepasiënte en 3% in buitepasiënte en daggevalle, wat teengewerk is deur laer omset van Covid-19-verwante toetsing en inentingsbedrywighede. Toelatingsgroei is beïnvloed deur die tekort aan verpleegpersoneel en het tot kapasiteitsbeperkings in sekere afdelings gelei. Die beperkte omsetgroei, saam met hoër tydelike en oortydpersoneelkoste weens die algemene tekort aan verpleegsters, het tot 'n 6%-afname in aangepaste EBITDA tot CHF280 miljoen (2022: CHF297 miljoen) gelei. Die aangepaste EBITDA-marge was 14.7% (2022: 15.6%).

Suider-Afrika se omset het met 6% tot R19 506 miljoen (2022: R18 416 miljoen) toegeneem, wat goeie kliëntbedrywighede weerspieël. Betaalde pasiëntdae het met 7% toegeneem. Die gemiddelde omset per bed was egter 1.1% laer, wat 'n verwagte verandering in mengsel weerspieël na vorige tydperke met meer Covid-19-gevalle. Die gemiddelde verblyflengte was 7.3% laer, 'n aanduiding van die afname in Covid-19-pasiënte wat langer gebly het, asook 'n aansienlike toename in dagtoelatings. Aangepaste EBITDA het met 10% tot R3 775 miljoen (2022: R3 430 miljoen) toegeneem danksy die omsetvertoning en verantwoordelike kostebestuur wat 'n verbeterde EBITDA-marge van 19.4% (2022: 18.6%) gelewer het.

In die Midde-Ooste het omset met 8% tot AED4 459 miljoen (2022: AED4 111 miljoen) toegeneem, wat 'n goeie herstel was van die seisoenaliteit wat in die eerste helfte ervaar is na die opheffing van Covid-19-reisbeperkings. Binnepasiënttoelatings en daggevalle was 17% hoër en buitepasiëntgevalle 14% hoër. Dit is egter teengewerk deur afnames van 9% in die gemiddelde omset per binnepasiënt en dagtoelatings en 4% in buitepasiëntgevalle, wat 'n weerspieëling is van mengselveranderinge in die na-Covid-19-omgewing. Apteekomset het met 15% toegeneem en het ongeveer 20% tot die totale omset van die afdeling bygedra. Aangepaste EBITDA het met 4% tot AED641 miljoen (2022: AED614 miljoen) toegeneem, 'n aanduiding van bykomende personeelgetalle vanweë beleggings vir groei in nuwe en bestaande fasiliteite. Saam met die groei in apteekomset het dit tot 'n geringe afname in die aangepaste EBITDA-marge tot 14.4% (2022: 14.9%) gelei.

# VERBRUIKERSPRODUKTE

| Bydrae tot wesensverdienste | 30 Junie 2023 R miljoen | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| Distell – entiteitsbydrae | **555** | 735 |
| – *IFRS 3* uitgawe | **(32)** | (11) |
| Heineken Beverages – entiteitsbydrae | **(75)** | – |
| – *IFRS 3* uitgawe | **(6)** | – |
| Capevin | **14** | – |
| RCL Foods | **488** | 846 |
| Siqalo Foods – entiteitsbydrae | **344** | 401 |
| – *IFRS 3* uitgawe | **(80)** | (65) |
| | **1 208** | 1 906 |

DISTELL
CRAFTING BRANDS SINCE 1925

## Profiel:

Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gegeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika en internasionaal.

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | 10 maande geëindig 30 April 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **31 645** | **13.6** |
| EBITDA | **4 257** | **18.8** |
| Wesensverdienste | **1 835** | **(0.8)** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R88 miljoen

**Aantal werknemers:** 4 727

**BBSEB-status:** Vlak 3

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 186 595 ton $CO_2e$


## Distell Group Holdings Beperk (Distell)

Volgens die skema-ooreenkoms ingevolge artikel 114 van die Maatskappywet tussen Distell en Distell-aandeelhouers – waaraan Heineken en Heineken Beverages deelnemers is – en soos deur Distell-aandeelhouers in Februarie 2022 goedgekeur:

- Verkry Heineken Beverages al die skema-aandele in die Distell-entiteite wat bates besit wat ingesluit is in die transaksie – naamlik die sider-, RTDs en spiritualieë- en wynbesigheid van Distell – met ingang van 1 Mei 2023 (beëindigde bedrywighede). Remgro ontvang as vergoeding vir die aandele wat vroeër gehou is in die bates wat ingesluit is in die transaksie, aandele in Heineken Beverages.
- Bly die bates wat nie ingesluit is in die transaksie nie – die Skotse whisky- en Gordon's Gin-besigheid – in Capevin se besit, met Remgro wat 'n aandeelhouding in Capevin behou in dieselfde verhouding as die aandeelhouding in Distell (voortgesette bedrywighede).

Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die 10 maande geëindig 30 April 2023 het R555 miljoen (2022: R735 miljoen) bedra. Die vergelykende syfers is

**Bydrae tot kategorie**
*(uitsluitend IFRS 3 uitgawes en negatiewe bydraes tot wesensverdienste)*




vir die 12 maande tot 30 Junie 2022. Met 'n bykomende *IFRS 3*-koste van R32 miljoen wat op Remgro-vlak verantwoord is, het Distell R523 miljoen (2022: R724 miljoen) bygedra.

Al die vergelykende syfers is vir tien maande geëindig 30 April 2022. Distell se gerapporteerde wesensverdienste vir die tien maande tot 30 April 2023 het met 5.5% tot R1 747 miljoen (2022: R1 849 miljoen) afgeneem. Die afname in wesensverdienste is hoofsaaklik as gevolg van buitengewone samevoegings-, integrasie- en transaksiekoste van R619 miljoen (2022: R49 miljoen) wat verband hou met die Heineken-ooreenkoms. Distell se omset het met 13.6% tot R31 645 miljoen (R27 862 miljoen) toegeneem danksy volumes wat hoër was. Omset, uitgesluit aksynsbelasting, het met 15.7% toegeneem.

Suider-Afrikaanse bruto omset het met 13.5% en volumes met 7.5% toegeneem. Volumes in BLNE-lande (Botswana, Lesotho, Namibië en Eswatini) het herstel na die verlengde inperkingstydperke as gevolg van Covid-19 in die vorige jaar. Sider en gereed-om-te-drink (RTDs) het omset met dubbelsyfers laat groei. Die groeimomentum het voortgeduur in sleutelhandelsmerke, insluitende Savanna, Extreme en Bernini. Die wynkategorie het omsetgroei getoon hoofsaaklik vanaf *Drostdy Hof, J.C. Le Roux*-vonkelwyn en *Sedgwick's* Old Brown. Trae groei is in die spiritualieëkategorie ondervind weens verbruikers wat na waardekategorieë geskuif het. Beurtkrag bly 'n ernstige bedreiging vir klante en beïnvloed verkope. Die impak was veral erg in die hoofstroommark, waar die meeste klante nie oor kragopwekkers of ander alternatiewe beskik nie.

In Afrika het bruto omset met 14.4% gegroei, danksy goeie vertonings deur Kenia, Mosambiek en Zambië, waar Distell steeds belê in die uitbreiding van sy roete-na-mark (RTM)-inisiatief. Uitsonderlike groei is behaal deur sleutelsider- en RTD-handelsmerke, met *Hunter's* en *Savanna* die uitblinkers in die belangrikste markte op die vasteland. Omsetgroei in spiritualieë is veral behaal deur *Best Gin en Whisky, Viceroy* en *Hunter's Choice*. Die hervestiging van die nuwe vervaardigingsfasiliteit in die Tatu City-spesiale ekonomiese sone in Kenia het begin, met voorraad wat in die nuwe aanleg geberg word en aksynslisensies wat bekom is.

Bruto omsetgroei uit internasionale bedrywighede het met 14.7% toegeneem, saam met volumegroei van 6.0%, en is gedryf deur die Skotse whisky-handelsmerkportefeulje en verkope van grootmaat-spiritualieë. Premie-spiritualieë het voortgegaan om sterk in sleutelmarkte te groei. Scottish Leader het andermaal in Taiwan 'n stewige vertoning gelewer namate die herstel van die handelskanaal gevorder het. Black Bottle groei ook met rasse skrede in Japan en Suid-Korea. Global Travel Retail het ook sterk vertoon en bly op 'n herstelpad namate die internasionale reisbedryf na vroeëre vlakke begin terugkeer.

# VERBRUIKERSPRODUKTE (vervolg)

HEINEKEN beverages

18.8% **Effektiewe** belang

## Profiel:

Heineken Beverages het op 26 April 2023 tot stand gekom na die samevoeging van Heineken South Africa, Distell en Namibia Breweries Beperk. Die maatskappy se handelsmerkportefeulje sluit die globale pronkhandelsmerk Heineken in, sowel as verskeie wêreldgehalte handelsmerke, waaronder *Savanna, Windhoek Lager* en *Nederburg*. Heineken Beverages is stewig ingewortel in Suider-Afrika, waar werk aan meer as 5 000 mense verskaf word.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R66 229 miljoen

**Hoofuitvoerende beampte:** J Borrut

**Remgro genomineerde direkteure:**
J J Durand, P R Louw

**Webwerf:** www.heinekenbeverages.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Twee maande tot 30 Junie 2023 R miljoen |
|---|---|
| Omset | **5 782** |
| Bedryfsverlies voor addisionele *IFRS 3*-aanpassings | **(69)** |
| Verlies voor addisionele *IFRS 3*-aanpassings | **(108)** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R14 miljoen

**Aantal werknemers:** 5 679

**BBSEB-status:** Vlak 3

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 36 773 ton $CO_2e$

## Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages)

Die resultate van Heineken Beverages op 30 Junie 2023 verteenwoordig net twee maande van handel, met geen vergelykende syfers vir die vorige jaar nie, en gevolglik sal meer insig in die maatskappy se resultate eers moontlik wees na 'n langer handelstydperk.

Heineken Beverages se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat bestaan uit Remgro se gedeelte van Heineken Beverages se resultate vir die twee maande geëindig 30 Junie 2023, het 'n verlies van R75 miljoen bedra. Heineken Beverages se bydrae sluit amortisasie- en waardeverminderingskoste van R56 miljoen in wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Heineken Beverages op 26 April 2023 beheer van Distell en Namibia Breweries oorgeneem het (*IFRS 3* aanpassings). Met uitsluiting van hierdie koste het Heineken Beverages se bydrae 'n verlies van R19 miljoen bedra, hoofsaaklik as gevolg van 'n ingeperkte verbruikersomgewing en beurtkrag wat verbruikersgedrag beïnvloed het, sowel as voorsieningsketting uitdagings, veral met mout en glas, as gevolg van globale prysonbestendigheid, plaaslike verskaffersbeperkings en wisselvallige vraag.

Buiten Heineken Beverages se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R6 miljoen verantwoord ten opsigte van bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro aansienlike invloed oor Heineken Beverages bekom het.

Heineken Beverages is goed geplaas om aansienlike groeigeleenthede in Suid-Afrika en betekenisvolle markte in Afrika te benut. Die besigheid sal in staat wees om die vervaardigingsvoetspoor van Heineken SA, Distell en Namibia Breweries as hefboom te gebruik, wat tot die meer effektiewe benutting van bates, asook verhoogde winsgewendheid, kan lei soos wat die saamgevoegde besigheid vorentoe beweeg.

CVH
A Spirits Company

31.4% Effektiewe belang

## Profiel:

Capevin is aan die einde van April 2023 ontbondel uit Distell as deel van die Heineken/Distell-transaksie. Met die verkoop van die Gordon's Gin-handelsmerk aan Diageo, is die Skotse whiskybesigheid, CVH Spirits, die grootste oorblywende bate van Capevin. Die maatskappy besit verskeie bekroonde handelsmerke, waaronder die enkelmout-handelsmerke *Bunnahabhain, Deanston, Tobermory* en *Ledaig*, asook die vermengde Skotse whisky van *Scottish Leader* en *Black Bottle*.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R5 019 miljoen
**Hoofuitvoerende beampte:** K Rycroft
**Remgro genomineerde direkteure:**
J J du Toit, S Crouse, M Lubbe, L Zingitwa, S Nathan
**Webwerf:** www.CVHspirits.com

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | 12 maande tot 30 Junie 2023 R miljoen |
|---|---|
| Omset | 2 897 |
| Bedryfsverlies | (15) |
| Verlies van voortgesette bedrywighede | (111) |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**Opleidingspandering:** R2 miljoen
**Aantal werknemers:** 343
**Omgewingsaspek:**
Totale energie van 7 750 ton $CO_2$e regoor distilleerderye, versnit- en botteleringsbedrywighede

## Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin)

Capevin se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat bestaan uit Remgro se gedeelte van Capevin se resultate vir die twee maande geëindig 30 Junie 2023, het R14 miljoen bedra.

Skotse whisky het as 'n kategorie sterk presteer die afgelope finansiële jaar en die portefeulje premieprodukte bly 'n aantreklike opsie vir kliënte en verbruikers vanweë die besondere herkoms daarvan, asook unieke verskille. Enkelmout-whisky, wat *Bunnahabhain, Deanston, Tobermory* en *Ledaig* insluit, het dubbelsyfer-inkomstegroei behaal. *Scottish Leader* en *Black Bottle* het ook goed gevaar in Taiwan en Suid-Korea onderskeidelik. 'n Nuwe ooreenkoms is met Craft Liquor Merchants aangegaan vir die verspreiding van *Scottish Leader* in Suid-Afrika.

Sedert die verkryging van die whiskybesigheid in 2013 is 'n aansienlike gedeelte van die enkelmoutvoorraad in vate geplaas wat in komende jare beskikbaar sal raak vir verkope en help om die portefeulje se sterk groei te ondersteun.

Gedurende die jaar het CVH Spirits voortgegaan om die wyer portefeulje van Distell-wyne in Europa, en Amarula Cream in sleutel-internasionale gebiede, te versprei en te bestuur. Beide die Suid-Afrikaanse wynkategorie en *Amarula Cream* het in die jaar onder oorsig uitdagende omstandighede ervaar en omset, asook bruto wins, het dubbelsyferafnames getoon vergeleke met die vorige jaar. Uitdagings ten opsigte van die verskaffingsketting en voortgesette vertragings met verskeping uit Suid-Afrika het tot hierdie vertoning bygedra. Die verspreiding van wyn en Amarula sal in die 2024-finansiële jaar na Heineken Beverages skuif.

In Mei 2023 het Castle Wine 'n bindende ooreenkoms met Diageo SA aangegaan om sy lisensie om *Gordon's Gin* en *Pimm's*-handelsmerke teen billike waarde te versprei, onderhewig aan regulatoriese goedkeuring, te beëindig. Sedert die finansiële jaareinde het die Suid-Afrikaanse Mededingingskommissie onvoorwaardelike goedkeuring gegee vir die oordrag van die lisensie. Die 12-maande resultate van die verkoopte Gordon's Gin-besigheid (omset van R2.3 miljard en bedryfswins van R225 miljoen) is uitgesluit van bogenoemde geopenbaarde omset- en winssyfers in ooreenstemming met IFRS, waar dit as beëindigde bedrywighede in die inkomstestaat getoon moet word.

# VERBRUIKERSPRODUKTE (vervolg)

**80.2%** **Effektiewe** belang

## Profiel:

RCL Foods is 'n houermaatskappy, met gediversifiseerde belange, wat op twee kategorieë fokus: voedsel (kruideniersware, bak en suiker) en Rainbow (hoender, insluitend Epol dierevoedsel).

## Korporatiewe inligting

**Markkapitalisasie op 30 Junie 2023:** R8 901 miljoen

**Genoteer op:** JSE Beperk

**Hoofuitvoerende beampte:** P D Cruickshank

**Remgro genomineerde direkteure:**
J J Durand, P R Louw, H J Carse, P J Neethling (alternatief)

**Webwerf:** www.rclfoods.com

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 Junie 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset van voortgesette bedrywighede | **37 783** | **17.3** |
| Bedryfswins van voortgesette bedrywighede | **787** | **(46.4)** |
| Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede | **540** | **(45.6)** |
| Wesensverdienste van totale bedrywighede | **608** | **(42.3)** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R67 miljoen

**Aantal werknemers:** 21 829

**BBSEB-status:** Vlak 4

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 1 022 937 ton $CO_2e$

## RCL Foods Beperk (RCL Foods)

In die jaar geëindig 30 Junie 2023 het RCL Foods se wesensverdienste van totale bedrywighede (bestaande uit beide voortgesette en beëindigde bedrywighede) met 42.3% tot R608 miljoen (2022: R1 054 miljoen) afgeneem. Remgro se gedeelte hiervan het R488 miljoen (2022: R846 miljoen) bedra.

Die Vector Logistics-afdeling is teen jaareinde as 'n beëindigde bedrywigheid geklassifiseer. Die verkoop van Vector Logistics is op 28 Augustus 2023 afgehandel.

RCL Foods se omset uit voortgesette bedrywighede het in die jaar geëindig 30 Junie 2023 met 17.3% tot R37 783 miljoen (2022: R32 201 miljoen) toegeneem. Die toename was toe te skryf aan hoër pryse wat deur stygende insetkoste genoodsaak is.

Die onderliggende oorsig van RCL Foods se resultate sluit wesentlike eenmalige items en rekenkundige aanpassings uit. Die onderliggende resultate sluit *IFRS 9* (billike waarde aanpassings), die spesiale heffing van die SA Suikervereniging op die suikerbesigheid, versekeringsopbrengste wat verband hou met die Komatipoort-brand, asook CGU-waardedalings in.

RCL Foods se waardetoegevoegde besigheid (kruideniersware, gebak en suiker) het, ondanks die uitdagings van hoë kommoditeitsinsetkoste, rekordvlakke van beurtkrag en skade aan suikerinfrastruktuur tydens die Nkomazi-vloede van Februarie 2023, beter onderliggende resultate gelewer. Die statutêre resultate is wesentlik deur die spesiale suikerheffing geraak. Die omset van R24 539 miljoen was 17.3% hoër as die vorige tydperk (2022: R20 926 miljoen) en onderliggende EBITDA het 10.8% tot R2 007.5 miljoen (2022: R1 811.9 miljoen) toegeneem danksy 'n sterk suikervertoning, wat deels teengewerk is deur die impak van beurtkrag op diensvlakke in die troeteldierafdeling en laer volumes en marge ten opsigte van kruideniersware en gebak. RCL Foods se mandjie, asook die hele voedselmark, het 'n volume-afname van 0.2% die afgelope 12 maande ervaar namate verbruikers, wat onder groot finansiële druk is, aankope verminder het. Ondanks die implementering van prysverhogings, waar moontlik, was dit nie genoeg om kostetoenames in die kruideniers- en bakafdeling teen te werk nie en het dit tot druk op marges gelei. Prysverhogings het bekostigbaarheid vir verbruikers nadelig geraak en volumes het in die meeste kategorieë afgeneem.

Die kruideniersware-afdeling se omset van R5 034 miljoen was 6.4% hoër as die vorige tydperk (2022: R4 732 miljoen) en onderliggende EBITDA het met 16.6% tot R405.8 miljoen (2022: R486.5 miljoen) afgeneem. Die afdeling is grootliks deur beurtkrag beïnvloed in die jaar, met produksie wat tot 50% van aanvraag verminder het in troeteldiervoedsel van November 2022 tot April 2023. Om hierdie uitdaging die hoof te bied, is vyf 1.8MW-kragopwekkers by die Randfontein-aanleg geïnstalleer, wat tot beter voorraadvlakke, hoewel teen aansienlike ekstra koste, gelei het.

Die bakafdeling se omset van R8 625 miljoen was 16.2% hoër as die vorige tydperk (2022: R7 423 miljoen) en onderliggende EBITDA het met 1.4% tot R528 miljoen (2022: R556 miljoen) afgeneem. Die onderliggende EBITDA-resultaat was grootliks in ooreenstemming met die vorige jaar ondanks laer volumes oor die algemeen en afgeplatte marges by die brood- en broodrolletjie-bedryfseenheid. Dit was te wyte aan 'n uiters mededingende broodmark.

Die suikerbesigheidseenheid se omset van R11 101 miljoen was 23.3% hoër as die vorige tydperk (2022: R9 001 miljoen) en onderliggende EBITDA het met 34.3% tot R1 054 miljoen (2022: R785 miljoen) toegeneem. Die eenheid het 'n sterk onderliggende vertoning gelewer danksy 'n kombinasie van hoër verwerkingsvolumes vanweë 'n groter oes, verhoogde plaaslike verkope danksy sterk groei in die nywerheidskanaal en voortgesette gunstige uitvoerpryse. Statutêre EBITDA het met R234.4 miljoen verminder as gevolg van die impak van die spesiale heffing in die tweede helfte van die finansiële jaar. Regsprosesse is tans aan die gang ten opsigte van Tongaat se nie-nakoming van statutêre verpligtinge, ingevolge die suikerooreenkoms, aan die SA Suikervereniging, wat tot gevolg gehad dat 'n spesiale heffing op ander bedryfsdeelnemers gedurende die 2022/2023-seisoen geplaas is.

Rainbow se omset van R13 464 miljoen was 18.3% hoër as die vorige tydperk (2022: R11 385 miljoen) en onderliggende EBITDA het met 74.9% tot R86 miljoen (2022: R343 miljoen) afgeneem. Die toename in omset was die gevolg van sterk aanvraag, verhoogde markaandeel en prysstygings in die sneldiensrestaurant (QSR)-sektor. Onderliggende EBITDA het met 74.9% tot R86.0 miljoen (2022: R342.9 miljoen) afgeneem, met toenames in omset wat nie voldoende was om die impak teen te werk van hoë voerkoste, verswakkende munisipale infrastruktuur en beurtkrag, wat buiten kragopwekkerskoste ook bykomende voer- en arbeidsvereistes meegebring het. Die dierevoerbesigheid is ook deur beurtkrag en margedruk weens hoë kommoditeitsinsetkoste en oorkapasiteit in die bedryf geraak.

# VERBRUIKERSPRODUKTE (vervolg)

SIQALO FOODS

100.0% **Effektiewe** belang

**Profiel:**
Siqalo Foods vervaardig smere wat onder toonaangewende handelsmerke verkoop word.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R6 007 miljoen

**Ongenoteer**

**Besturende direkteur:** R Plumbley

**Remgro genomineerde direkteure:**
J J du Toit, L Zingitwa

**Webwerf:** www.siqalofoods.com

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 Junie 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **3 748** | **5.7** |
| Bedryfswins | **375** | **(21.2)** |
| Wesensverdienste | **344** | **(14.2)** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R6.85 miljoen

**Aantal werknemers:** 268

**BBSEB-status:** Vlak 3

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 30 893 ton $CO_2e$

## Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods)

Siqalo Foods vervaardig smere wat verkoop word onder markleier-handelsmerke soos Rama, Flora, Stork en Rondo binne die Suider-Afrikaanse doeane-uniegebied.

Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die jaar onder oorsig R344 miljoen (2022: R401 miljoen) bedra, met uitsluiting van 'n bykomende *IFRS 3*-amortisasie van R80 miljoen (2022: R65 miljoen). Die handelsomgewing het uitdagend gebly weens wisselvallige kommoditeitspryse en wisselkoerse, verhoogde beurtkrag en stygende inflasie- en rentekoerse. As gevolg van voortgesette kostedruk was Siqalo Foods verplig om weer pryse in Oktober te verhoog, maar die volle impak hiervan kon egter nie afgewentel word na verbruikers wat reeds onder druk is nie. Siqalo Foods het 'n afname van 5.2% in volumes in die 12 maande onder oorsig ervaar namate verbruiksbesteding negatief deur die hoër inflasie-omgewing geraak is. Die afname in volumes, saam met 'n 17.6%-toename in grondstofkoste weens onstabiele kommoditeitspryse en wisselkoerse, het tot 'n algehele afname van 7.8% in bedryfsEBITDA vir die 12-maande tydperk geëindig 30 Junie 2023, gelei. Dit sluit die negatiewe *IFRS 9*-billike waarde aanpassing van R26.4 miljoen (2022: positiewe aanpassing van R28.8 miljoen) op kommoditeits- en buitelandse valutakontrakte wat aangegaan is as deel van die grondstofverkrygingstrategie uit.


Die smere-kategorie het onder druk gebly, met 'n markrealisering van 0.2%-groei in volumes oor die laaste 12 maande vergeleke met die vorige jaar. Siqalo Foods het sy stewige vertoning voortgesit in hierdie kategorie en 'n geringe afname van -1.9% in sy 12 maande-bewegende gemiddelde volumemarkaandeel tot 63.8% op 30 Junie 2023, bewerkstellig, vergeleke met 65.2% die vorige jaar. Die besigheid bly daartoe verbind om sy handelsmerke en volumes in 2024 te laat groei en om wins-marges in hierdie stormagtige tye te herstel.

Twee kontrakte is met RCL Foods gesluit. Vector Logistics hanteer die verspreiding, verkope en handelsware, terwyl 'n bestuursdienstekontrak sekere dienste reguleer wat die RCL Foods Shared Services-platform op 'n armlengtebasis aan Siqalo Foods lewer. Die resultaat is 'n innoverende, alternatiewe sakemodel wat die vermoëns in die breër Remgro-groep benut.

# FINANSIËLE DIENSTE

| Bydrae tot wesensverdienste | **30 Junie 2023 R miljoen** | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| OUTsurance Group | **888** | 796 |
| Business Partners | **72** | 70 |
| | **960** | 866 |

## Bydrae tot kategorie



OUTsurance Group

**93%**

Business Partners

**7%**

**30.6%** **Effektiewe** belang

## Profiel:

OUTsurance Group is 'n groep vooraanstaande versekerings- en finansiële diensverskaffers wat in twee sleutelmarkte sake bedryf. In Suid-Afrika bied OUTsurance motor-, huis-, besigheids-, lewens-, begrafnis- en troeteldierversekering, asook beleggingsdienste. In Australië verskaf Youi motor-, huis-, besigheids- en verpligte derdepartyversekering (CTP).

## Korporatiewe inligting

**Markkapitalisasie op 30 Junie 2023:** R52 087 miljoen

**Genoteer op:** JSE Beperk

**Hoofuitvoerende beampte:** MC Visser

**Remgro genomineerde direkteure:**
J J Durand, F Knoetze (alternatief)

**Webwerf:** www.outsurance.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 Junie 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Inkomste | **26 185** | **21.9** |
| Wesensverdienste | **2 898** | **11.5** |
| Genormaliseerde wesensverdienste | **2 875** | **(2.7)** |
| Genormaliseerde wesensverdienste van voortgesette bedrywighede | **2 875** | **62.2** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**Vir meer besonderhede oor sy volhoubaarheids-maatstawwe, verwys na die webwerf van OUTsurance:**

www.outsurance.co.za

## OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group)

OUTsurance Group se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 11.6% tot R888 miljoen (2022: R796 miljoen) toegeneem. Gedurende die 2022-finansiële jaar het OUTsurance Group sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan ontbondel (die OUTsurance Group-ontbondeling), en die belegging in Hastings verkoop. As gevolg hiervan is hierdie beleggings slegs tot 8 Desember 2021 geëkwiteer, die datum waarop die belegging in Hastings verkoop is en die OUTsurance Group-ontbondeling hoogs waarskynlik geword het. Die resultate vir die jaar onder oorsig is dus nie met die vorige jaar vergelykbaar nie.

Remgro se gedeelte van OUTsurance Group se wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede het met 99.6% tot R888 miljoen (2022: R445 miljoen) toegeneem, wat die bydraes van Discovery, Momentum Metropolitan en Hastings uitsluit. Op 'n genormaliseerde grondslag, wat sekere afwykings uitsluit, het OUTsurance Group 'n toename van 62.2% in verdienste uit voortgesette bedrywighede gerapporteer. Dit is hoofsaaklik te danke aan hoër verdienste deur OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance), die belangrikste oorblywende bate in OUTsurance Group, en laer befondsingskoste, aangesien die opbrengs uit Hastings in die vorige jaar gebruik is om OUTsurance Group se skuld te vereffen.

OUTsurance Group is die genoteerde entiteit waarin Remgro 'n belang van 30.6% het. Op sy beurt besit OUTsurance Group 89.8% van OUTsurance Holdings, wat 'n 100%-belang hou in die onderstaande besigheidseenhede.

# **FINANSIËLE DIENSTE** (vervolg)

## **OUTsurance Group** (vervolg)

Die hoofbesigheid van OUTsurance Group is:

| | |
|---|---|
| **OUTsurance** | Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedrywigheid, bestaande uit OUTsurance Personal en OUTsurance Business |
| **OUTsurance Life** | Suid-Afrikaanse lewensversekeringsbedrywigheid wat assuransie- en begrafnisprodukte insluit |
| **OUTsurance Ireland** | Beplande nuwe onderneming vir persoonlike eiendoms- en ongevalleversekering in die Republiek van Ierland |
| **Youi Group** | Australiese korttermynversekeringsbedrywighede |

OUTsurance se bruto geskrewe premies het met 8.8% tot R11 160 miljoen (2022: R10 253 miljoen) toegeneem vanweë versnellende premie-inflasie wat die gevolg van ’n hoër algemene inflasie-omgewing is. Reële groei in die OUTsurance Personal- en die direkte OUTsurance Business-segmente het uitdagings gebied gegewe die moeilike ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika, wat gekenmerk is deur stygende rentekoerse en beperkte ekonomiese groei. Die eise-vertoning vir die jaar is deur langer beurtkragure, ’n normalisering van motoreise tot voorpandemie-vlakke, hoër herversekeringskoste, hoër voorkoms van motordiefstal en groter herstelkoste van eise beïnvloed. OUTsurance het ’n pro-aktiewe prysbeleid gevolg om winsgrense te handhaaf.

OUTsurance Life het bruto geskrewe premiegroei van 17.8% tot R940 miljoen (2022: R798 miljoen) getoon, met bruto geskrewe premiegroei van 49.6% in die begrafnisafdeling. Laasgenoemde afdeling het voortgegaan om positiewe resultate te lewer, met die Shoprite Funeral-inisiatief wat momentum gekry en ’n aansienlike bydrae tot winsgewendheid gelewer het. ’n Kernstrategiese besluit is in Junie 2023 geneem om die persoonlike verspreidingskanaal wat in Julie 2021 ingestel is, te beëindig. Die persoonlike inisiatief het ’n verlies van R93 miljoen gelewer teenoor R68 miljoen die vorige jaar. Met die beëindiging van hierdie kanaal sal die verlies na verwagting in die volgende finansiële jaar uitgewis word. Die vasgelegde waarde van OUTsurance Life het met 17.5% verbeter, hoofsaaklik danksy groei van die begrafnisboek.

Youi het ’n bevredigende finansiële en bedryfsvertoning vir die jaar gelewer. Sterk premiegroei het voortgeduur en gunstige weersomstandighede het die aansienlike toename in winsgewendheid ondersteun. Die bruto geskrewe premie het met 31.4% tot R16 399 miljoen (2022: R12 481 miljoen) toegeneem. In Australiese dollarterme was dit 21.5% hoër. Premie-inflasie het skerp gedurende die tweede helfte van die 2022-finansiële jaar toegeneem. Die hoër premie-inflasie kan toegeskryf word aan hoër herstelkoste van eise, prysverhogings wat die toenemende voorkoms van natuurlike gebeure weerspieël en voorsiening vir die uitwerking van ’n verhardende herversekeringsmark. Die eiseverhouding het aansienlik van 60.8% in vorige jaar tot 56.4% in 2023 afgeneem. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die uiteenlopende weersomstandighede wat in die twee finansiële jare ervaar is. Die rand was gemiddeld 13.3% swakker teenoor die Australiese dollar in 2023, wat die omgeskakelde impak van Youi se premiegroei en winsgewendheid ondersteun het.

Youi se bedrywighede bestaan uit: Youi Direct, wat die persoonlike direkte aanbod en die grootste komponent van die Youi Group is. Die Blue Zebra-versekeringsvennootskap is ’n algemene bestuursagent in die Australiese mark en versprei produkte deur ’n makelaarsnetwerk en die Steadfast-platform. CTP-produkte dek derdeparty-beseringsverpligtinge, waaraan Youi in Nieu-Suid-Wallis (sedert Desember 2020) en Suid-Australië (sedert Julie 2022) deelneem.

BusinessPartners
The Entrepreneur's Financier

**44.1%** **Effektiewe** belang

## Profiel:

Business Partners se hoofbedryf is om kapitaal, kennis en vaardigheid in lewensvatbare klein- en mediumgrootte ondernemings (KMO's) te belê. Die maatskappy belê in KMO's deur befondsing, ondersteuning en mentorskap aan entrepreneurs te verskaf.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R2 858 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** B Bierman

**Remgro genomineerde direkteure:**
C W Ceasar, M Lubbe, N J Williams

**Webwerf:** www.businesspartners.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 31 Maart 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **626** | **4.2** |
| Bedryfswins | **332** | **(5.7)** |
| Wesensverdienste | **164** | **3.8** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R6 miljoen

**Aantal werknemers:** 282

**BBSEB-status:** Vlak 1

# Business Partners Beperk (Business Partners)

Business Partners het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2023 geëkwiteer in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro vir die jaar onder oorsig het R72 miljoen (2022: R70 miljoen) bedra.

Business Partners se wesensverdienste vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2023 het R164 miljoen (2022: R158 miljoen) bedra, terwyl die wins toeskryfbaar aan aandeelhouers met 4.3%, van R258 miljoen tot R247 miljoen, afgeneem het. Ondanks die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse ekonomie en bedryfsomgewing in die gesig staar, bly die vertoning van die maatskappy stewig danksy die hoë rentekoersomgewing, die merkwaardige veerkragtigheid van sy kliënte en kostebestuursinisiatiewe.

Laer vlakke van transaksiebedrywighede het die groei van die maatskappy se leningsboek, 'n kernbate wat op sy balansstaat weerspieël word, beïnvloed. Nadelige makro-ekonomiese toestande, saam met gedempte KMO-aptyt vir sake-uitbreiding, het tot die afname in transaksiebedrywighede bygedra. Nougesette aandag aan besigheidsprosesse en streng risikobestuurspraktyke het die maatskappy egter in staat gestel om kredietrisiko's op 'n optimale vlak in die huidige ekonomiese omgewing te handhaaf.

Business Partners se eiendomsportefeulje, sy naasgrootste bateklas, het 'n beter vertoning gelewer vanweë 'n bestendige herstel in eiendomswaardes en bedrywighede in die verhuringsmark. Hierdie positiewe tendens was veral sigbaar in die klein tot medium nywerheidsektor, waar 'n groeiende vraag na kleiner verspreidingsentra ondervind is vanweë die toenemende gewildheid van aanlynverkope en hedendaagse werksomstandighede wat meer buigsaam is.

Die billike waarde aanpassing van die eiendomsportefeulje het tot R61.5 miljoen (2022: R34.1 miljoen) toegeneem. Huurinkomste en verhalings, hoofsaaklik afkomstig van die nywerheidseiendomsportefeulje, was stewig, maar leë ruimtes bly 'n probleem.

Business Partners bly optimisties oor die vooruitsigte vir sy eiendomsportefeulje en sal voortgaan om sy sterk posisie in die nywerheidsektor as hefboom te gebruik om voordeel te trek uit ontwikkelings in die eiendomsmark.

Business Partners het 'n leningsfasiliteit van R600 miljoen van die Internasionale Finansieringkorporasie (IFC) vir sy groen gebou inisiatief bekom, ingevolge waarvan groen geboue gefinansier en gesertifiseer word. Hierdie inisiatief is besig om momentum te kry danksy die ondersteuning van die IFC en sy vennote in die program.

# INFRASTRUKTUUR

| Bydrae tot wesensverdienste | **30 Junie 2023 R miljoen** | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| CIVH | **206** | 47 |
| SEACOM | **47** | 37 |
| Grindrod | **61** | 263 |
| Ander | **3** | 266 |
| | **317** | 613 |

**57.0%** **Effektiewe** belang

## Profiel:

CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor. Die belangrikste bedryfsmaatskappye van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) en Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel), wat optiese veselnetwerke bou en besit. Na die implementering van 'n interne herstrukturering gedurende die jaar onder oorsig, word DFA en Vumatel se belange gehou in Maziv Eiendoms Beperk (Maziv), 'n nuutgeskepte volfiliaal van CIVH.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie:** R25 075 miljoen

**Hoofuitvoerende beampte van Maziv:** D Mare

**Remgro genomineerde direkteure:**
C W Ceasar, P J Uys

**Webwerf:** www.dfafrica.co.za, www.vumatel.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 31 Maart 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | 6 213 | 16.7 |
| Bedryfswins | 2 475 | 68.4 |
| Wesensverdienste – voortgesette bedrywighede | 365 | 111.0 |
| Wesensverdienste – totale bedrywighede | 361 | 345.7 |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R36 miljoen

**Aantal werknemers:** 1 799

**BBSEB-status CIVH:** Vlak 1


## Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)

DFA is die voorste verskaffer wat vrye toegang tot vesel- en verbindingsinfrastruktuur in Suid-Afrika bied. Dit bou, installeer, bestuur en onderhou 'n optieseveselnetwerk wat telekommunikasieverkeer in stedelike gebiede, asook langafstandroetes, hanteer en aan klante (telekommunikasiemaatskappye en internetdiensverskaffers (IDVs)) verhuur word deur van 'n groothandelsmodel gebruik te maak wat vrye toegang bied. DFA besit ondergrondse veselbates wat oor meer as 13 740 km strek en besit netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, sowel as in kleiner stedelike gebiede, soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George, om slegs 'n paar te noem.

Vumatel is 'n vrye toegang tot vesel-tot-huis (FTTH)-verskaffer en verhuur infrastruktuur aan IDVs, wat op hul beurt breëband-kleinhandelsinternetdienste aan eindgebruikers verskaf.

CIVH het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2023 ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. Die bydrae van CIVH tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R206 miljoen bedra, vergeleke met 'n R47 miljoen die vorige jaar.

## Bydrae tot kategorie




Die groep genereer kontantvloei uit sy bedrywighede en herinvesteer enige surplus kontantvloei en kapitaal in die uitbreiding van sy bedrywighede en die vergroting van sy netwerkvoetspoor, met inagneming van die beginsel om nie oormatig uit te brei in sleutelmarkte nie.

Vumatel is die FTTH-markleier gemeet in beide huisverbindings en wat by huise verbygaan in Suid-Afrika, met 'n markaandeel van sowat 36% in beide kategorieë. Vumatel bly 'n groeibate vir die groep namate dit voortgaan om infrastruktuur na laer lewenstandaardmeting (LSM)-gebiede uit te brei en verbindings in die tradisionele kernnetwerk en laer LSM-gebiede te versnel.

Die Vumatel-groep se omset vir die tydperk het met 15% tot R3 432 miljoen toegeneem, vergeleke met R2 981 miljoen die vorige jaar, en is aangehelp deur sy vesel-infrastruktuur-uitbreidingsprogram en intekenaregroei vir die tydperk.

Die DFA-groep se omset vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2023 het met 6.8% tot R2 653 miljoen (2022: R2 485 miljoen) toegeneem. Die annuïteitsbasis op 31 Maart 2022 was R198 miljoen per maand, terwyl die maatskappy op 31 Maart 2023 op 'n basis van R213 miljoen per maand geëindig het.

Vumatel ondersteun steeds sy onafhanklike KMB-stigting, wat ten doel het om volhoubare ekostelsels te skep in gemeenskappe waar sake gedoen word. Die doel is om 'n betekenisvolle en volhoubare bydraes in hierdie gemeenskappe te maak en sodoende bande te versterk wat die Vuma-handelsmerk ondersteun en dit van mededingers onderskei. Fokusgebiede sluit onderwys, veiligheid, omgewing en gesondheidsorg in. Die besigheid bly verbind tot die Vuma-skoleprojek, waar 680 skole reeds verbind is in gebiede waar vesel geïnstalleer word – elke skool waar Vumatel verbybeweeg, ontvang 'n gratis internetdiensaanbod van 1 Gbps.

Kritieke leemtes in infrastruktuurontwikkeling, bv. plattelandse skoolverbindings, bly 'n sleutelfokusgebied van KMB om die digitale kloof in gebiede met hoë armoede te oorbrug. Die positiewe impak hiervan sal wees om leerders toegang tot e-onderrig te gee, en uiteindelik om werkskepping en toegang tot die ekonomie te bevorder.

# INFRASTRUKTUUR (vervolg)

SEACOM

**30.0%** **Effektiewe** belang

## Profiel:

SEACOM se erfenis spruit uit die skep van verbindings in Afrika. SEACOM was instrumenteel om as telekommunikasieverskaffer die eerste onafhanklike veselverbindings op die vasteland moontlik te maak en sodoende Afrika aan die digitale wêreld bloot te stel. Met 'n toekoms-oriëntasie en volgehoue beleggings in digitale platforms, stelsels en mense het die maatskappy hom as 'n saamgevoegde telekommunikasieverskaffer gevestig wat voortgaan om die groothandels- en ondernemersmark in Suider- en Oos-Afrika te bedien deur die verskaffing van hoëkapasiteit plaaslike en internasionale optieseveselverbindings, asook internet- en wolkdienste en 'n bestuursdiensaanbod.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R2 650 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** A Mangale

**Remgro genomineerde direkteure:**
H J Carse, P J Uys

**Webwerf:** www.seacom.com

## FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

SEACOM is 'n privaat maatskappy en sy finansiële inligting word nie in detail geopenbaar nie as gevolg van beperkinge op openbaarmaking soos onderling tussen aandeelhouers ooreengekom.

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**Remgro genomineerde direkteure:** $0.4 miljoen

**Aantal werknemers:** 456

## SEACOM Capital Beperk (SEACOM)

Remgro het 'n effektiewe belang van 30% in SEACOM, 'n saamgevoegde telekommunikasie-verskaffer wat optiese veselverbindings bedryf en bemark en ook internet-, stem, wolk-, sekuriteits- en bestuursdienste-oplossings aan die groothandels- en ondernemersmark in Suider- en Oos-Afrika bied.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en dus is sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2023 by dié van Remgro ingesluit vir die jaar onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R47 miljoen (2022: R37 miljoen) bedra.

Die besigheid het in die stygende vraag van die ondernemersektor na verbindings en wolkdienste voorsien soos maatskappye uit die Covid-19-pandemie beweeg het, asook in die voortgesette groei in die groothandelsektor. Die besigheid het gedurende die tydperk sy aanbod uitgebrei om ook bestuursdiensoplossings in te sluit.

SEACOM se vermoë om by die snel ontwikkelende datamark aan te pas, en te belê in sy ondersese en landnetwerk asook wolkinfrastruktuur, stel die maatskappy in staat om op die toenemende vraag na vinniger en meer betroubare datadienste te reageer, wat kritiek is om sy mededingende posisie te behou. Kernhoogtepunte gedurende die tydperk sluit die verkryging van EOH se netwerk-oplossingsbesigheid gedurende die tweede helfte van 2022 in en die verkryging van kapasiteit op Google se Equiano-kabel in die eerste helfte van 2023.

# Ubiquity Energy

75.0% **Effektiewe** belang

## Ubiquity Energy Eiendoms Beperk (Ubiquity)

### Profiel:

Ubiquity is die houermaatskappy van Energy Exchange of Southern Africa Eiendoms Beperk (Energy Exchange) (100%) en Enerweb Eiendoms Beperk (Enerweb) (51%).

Energy Exchange tree op as die versamelaar van hernubare energie wat deur onafhanklike kragvervaardigers aan industriële en kommersiële gebruikers verskaf word. Die maatskappy is 'n NERSA-gelisensieerde elektrisiteitshandelaar. Deur vraag en aanbod in ooreenstemming met mekaar te bring, word 'n mark vir handel in hernubare energie geskep, tot die voordeel van beide kopers en verkopers.

Enerweb is 'n unieke gebruiksgefokusde maatskappy wat ingenieurs-, besigheids- en inligtingstegnologievermoë saamvoeg om elektrisiteitsgebruiksware, handelaars en kragbronne met oplossings te verskaf vir 'n snelveranderende omgewing. Die maatskappy is 'n toonaangewende verskaffer van energieverhandeling, utiliteitsontleding, datametingsbestuur en aanvraagreaksie.

**Webwerf:** www.energyexchangesa.com, www.enerweb.co.za

# NYWERHEID

| Bydrae tot wesensverdienste | **30 Junie 2023 R miljoen** | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| Air Products | **476** | 422 |
| TotalEnergies | **54** | 1 076 |
| Wispeco | **313** | 281 |
| PGSI | **25** | 21 |
| | **868** | 1 800 |

AIR PRODUCTS

**50.0%** Effektiewe belang

## Profiel:

Air Products produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdioksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pyplyne ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers. Air Products versprei ook industriële gasse, saam met die toepaslike toerusting, aan die handelsmark. Die ander 50% van die gewone aandele word deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy, gehou.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R9 822 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** R Richardson

**Remgro genomineerde direkteure:**
H J Carse, N J Williams

**Webwerf:** www.airproductsafrica.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 September 2022 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **4 253** | **15.1** |
| Bedryfswins | **1 266** | **17.8** |
| Wesensverdienste | **925** | **20.9** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R9.5 miljoen

**Aantal werknemers:** 730

**BBSEB-status:** Vlak 4

## Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products)


Air Products het 'n September-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2023 is ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 12.8% tot R476 miljoen (2022: R422 miljoen) toegeneem.

Air Products se omset vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2023 het met 14.4% tot R4 563 miljoen (2022: R3 990 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk met 9.3% tot R1 295 miljoen (2022: R1 185 miljoen) toegeneem het.

Air Products is die grootste vervaardiger van nywerheidsgasse in Suider-Afrika en voer ook 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse in wat aan 'n wye reeks nywerhede, waaronder staal, chemikalieë, olie-raffinering, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking, asook algemene vervaardiging, fabrikasie en sweiswerke, versprei word.

Handelsomstandighede in die tydperk onder oorsig was gemeng. Wisselvallige en oor die algemeen laer vraagvlakke van groot tonnemaatkliënte, saam met hoë vlakke van aanleg-onderhoud, was neerdrukkend op dié gedeelte van die besigheid. Verpakte gasvolumes het bly verbeter en die verkryging van Weldamax, verskaffer van soldeerprodukte en -toerusting, het die vertoning van hierdie sektor bevoordeel ondanks aansienlike insetkostedruk.

## Bydrae tot kategorie




TotalEnergies

**24.9%** Effektiewe belang

### Profiel:

Filiaal van TotalEnergies SE (Frankryk). TotalEnergies se besigheid behels die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika, asook die verspreiding daarvan aan buurlande. Die maatskappy het 'n ekwiteitsbelang van 36.36% in National Petroleum Refiners of South Africa Eiendoms Beperk (Natref).

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R13 406 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** M Kane-Garcia

**Remgro genomineerde direkteure:**
M Morobe, N J Williams

**Webwerf:** www.totalenergies.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 31 Desember 2022 | |
|---|---|---|
| | R miljoen | % |
| Omset | 94 423 | 30.8 |
| Bedryfswins | 3 132 | (0.1) |
| Wesensverdienste | 2 537 | 11.1 |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R62 miljoen

**Aantal werknemers:** 698

**BBSEB-status:** Vlak 1

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1-uitlatings van 605 ton $CO_2e$

# TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies)

TotalEnergies het 'n Desember-jaareinde en sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2023 is ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. TotalEnergies se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het 'n wins van R54 miljoen (2022: R1 076 miljoen) bedra.

Die resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige voorraadherwaardasies van R1 408 miljoen (2022: R3 581 miljoen), hoofsaaklik vanweë die normalisering van die skerp toenames in die globale olieprys vroeg in 2022 as gevolg van die Rusland-Oekraïne-oorlog. Die Rusland-Oekraïne-oorlog het daartoe gelei dat die internasionale olieprys van $122.71 per vat op 30 Junie 2022 tot $81.3 per vat in die tweede helfte van 2022 toegeneem het.

TotalEnergies se omset vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2023 het met 15% tot R100 704 miljoen (2022: R87 383 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van toenames in pryse en verkoopsvolumes.

Die maatskappy het voortgegaan met sy beleggings in gesondheid, veiligheid en die omgewing om aan toenemende streng wetlike en ontwikkelende maatskappyvereistes te voldoen. Die sleutelfokusgebiede is omgewingsnakoming, asook gesondheids- en veiligheidsnakoming deur personeel, vervoerders en konstruksiekontrakteurs.

Natref se resultate het in die tydperk onder oorsig verswak danksy ongunstige voorraadherwaardasies.

# NYWERHEID (vervolg)

**100.0%** Effektiewe belang

## Profiel:

Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging en verspreiding van uitgeperste aluminiumprofiele vir gebruik in die bou-, ingenieurs en duursame goederesektor.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R1 330 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** H Rolfes

**Remgro genomineerde direkteure:**
N R Boonzaier, M Lubbe

**Webwerf:** www.wispeco.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 Junie 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | 3 813 | 6.0 |
| Bedryfswins | 436 | 6.9 |
| Wesensverdienste | 313 | 11.4 |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R25.8 miljoen

**Aantal werknemers:** 1 393

**BBSEB-status:** Vlak 4

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 51 671 ton $CO_2e$

## Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)

Wispeco se omset vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 het met 6.0% tot R3 813 miljoen (2022: R3 598 miljoen) toegeneem. Die toename was grootliks die gevolg van hoër verkooppryse met die volumes van aluminium-uitpersprodukte wat marginaal laer as die vorige jaar was. Volumes is negatief beïnvloed deur swakker besigheidsvertroue, sowel as laer aktiwiteitsvlakke in die kommersiële en huismarkbousektore. In sy drukvormgietbesigheid het 'n bestendige bruto marge, saam met hoër uitvoervolumes van bronsgietstukke, 'n groter bydrae tot Wispeco se wins gelewer. Wesensverdienste vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 het met 11.4% tot R313 miljoen (2022: R281 miljoen) verbeter.

Wispeco is stewig op pad om 'n wêreldklas vervaardiger van aluminium-uitpersprodukte te word en beskik oor voldoende kapasiteit om met die kortste moontlike aanlooptyd produkte op bestelling te maak. Nuwe uitvoergeleenthede vir drukvormgietprodukte word ontsluit, met bykomende beleggings wat in drukvormgiet- en masjineringskapasiteit gemaak word.

Die maatskappy se reeks Crealco-argitektoniese produkte bly steeds die aanvaarde norm vir gehalte en betroubaarheid en het die naam dat dit die voorkeurkeuse in die boubedryf is. Die reeks is wyd beskikbaar en word ondersteun deur 'n netwerk van eie en onafhanklike verspreiders regoor Suider-Afrika. Toevoegings tot Wispeco se verspreidingsnetwerk sluit die opening van 'n nuwe tak in groothandelsaluminiumbedryf in.

Wispeco se voorste ontwerpsagteware-oplossings bly 'n handige hulpmiddel vir vervaardigers van aluminiumvensters en -deure om mates op persele te neem, ontwerpstandaarde na te kom en vinnige beramingsinligting te bekom vanaf die handtoestel.

Wispeco se eksterne gefokusde opleidingsinisiatiewe vir gestremde en voorheen benadeelde jongmense, met die oog op indiensneming in die aluminiumbedryf, is weer op koers. Interne opleidingsprogramme is gemik op produktiwiteitsverbetering en die ontwikkeling van vaardighede om toekomstige groei te ondersteun.

PGSI
PGSI Limited

37.7% Effektiewe belang

# PGSI Beperk (PGSI)

## Profiel:

PGSI het 'n belang van 80% in PG Group Holdings. Die PG-groep is Suid-Afrika se bedryfsleier op die gebied van geïntegreerde plaatglas vir die vervaardiging, verspreiding en installering van hoëgehalte motor- en bouglasprodukte.

**Webwerf:** www.pggroup.co.za

# GEDIVERSIFISEERDE BELEGGINGSVOERTUIE

| Bydrae tot wesensverdienste | 30 Junie 2023 R miljoen | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| KTH | **437** | 80 |
| Ander | **397** | 15 |
| | **834** | 95 |

43.5% **Effektiewe** belang

## Profiel:

KTH is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy, met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. KTH se hoofbeleggings sluit Kagiso Media Beperk, Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) en Servest Group Eiendoms Beperk in.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R5 444 miljoen
**Ongenoteer**
**Hoofuitvoerende beampte:** P J Makosholo
**Remgro genomineerde direkteure:**
S Crouse, P J Uys
**Webwerf:** www.kth.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 30 Junie 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **1 752** | **9.4** |
| Bedryfswins | **1 033** | **637.9** |
| Wesensverdienste | **1 005** | **455.2** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R31.7 miljoen
**Aantal werknemers:** 1 270

## Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH)

KTH is 'n toonaangewende beleggingshouermaatskappy in swart besit, met 'n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje wat bestaan uit 'n mengsel van genoteerde en private beleggings in die media-, finansiële dienste-, nywerheid-, dienste- en gesondheidsorgsektor.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R437 miljoen (2022: R80 miljoen) bedra.


KTH se toeskryfbare verdienste vir die jaar het 'n wins van R949 miljoen (2022: R27 miljoen) bedra danksy die volgende:

- Omset is op met 9% in vergelyking met die vorige jaar.
- Suksesvolle afhandeling van die verkoop van Actom wat die onterkenning van die belegging tot gevolg gehad het en die erkenning van 'n wins uit beëindigde bedrywighede van ongeveer R42 miljoen.
- Inkomste van geëkwiteerde beleggings vir die jaar was R256 miljoen, hoofsaaklik vanweë Momentum Metropolitan se resultate ten bedrae van R260 miljoen wat verantwoord is, insluitende Kagiso Media-geassosieerdes se bydrae van R29 miljoen. Dit is teengewerk deur die geëkwiteerde verliese van Servest.
- Positiewe billike waarde aanpassings van R99 miljoen is vir die jaar op Momentum Metropolitan erken en afstanddoening van Actom se skuld van ongeveer R520 miljoen.
- Waardedaling op die belegging in Servest van R82 miljoen is in die huidige tydperk erken.

KTH se wesensverdienste vir die jaar het tot R1 miljard vanaf R181 miljoen in die vergelykende tydperk toegeneem as gevolg van:

- Kagiso Media se omset was 6% hoër teen R1.34 miljard (2022: R1.26 miljard) as die vergelykende tydperk en omset van Lupo Bakery Eiendoms Beperk (Lupo) het met 23% toegeneem teenoor die vergelykende tydperk tot R406 miljoen (R330 miljoen).

### Bydrae tot kategorie




- Die huidige ekonomiese handelsomgewing het 'n wesentlike invloed op die bedrywighede van Lupo gehad weens die toename in die koste van verpakking, diesel en paraffien, 'n toename in die prys van koring en 'n algemene toename in grondstofkoste vir alle vertakkinge, wat marges verwater het, soos weerspieël in grondstowwe en verbruikersgoedere. Urban Brew Studios Eiendoms Beperk se omsetmengsel het 'n invloed op sy bruto marge gehad weens die toename in lokale vertonings teenoor studio-aanbiedinge, wat tot 'n laer bruto marge gelei het.
- KTH erken 'n positiewe billike waardebeweging op die voorkeuraandelebelegging in Momentum Metropolitan (R99 miljoen) danksy die toename in Momentum Metropolitan se aandeelprys (2022: verlies van R152 miljoen). As deel van die afhandeling van die verkoopstransaksie van Actom het Nedbank afstand gedoen van sy reg om betaling te ontvang van die oorblywende uitstaande bedrag ingevolge die leningsooreenkoms. Dit het meegebring dat KTH 'n skuldafstanddoeningswins van ongeveer R520 miljoen erken het.
- KTH se inkomste uit geëkwiteerde beleggings het met 1% van R232 miljoen tot R234 miljoen toegeneem, veral danksy positiewe bydraes deur Momentum Metropolitan (R260 miljoen), Kagiso Media Radio-geassosieerdes (R29 miljoen) en Aurora Wind Power Eiendoms Beperk (R13 miljoen). Dit is teengewerk deur 'n geëkwiteerde verlies van R69 miljoen wat op die belegging in Servest in die tydperk erken is.
- Netto finansieringskoste vir die jaar het R39 miljoen (2022: R107 miljoen) bedra. Rente verdien op kontantbalanse is positief beïnvloed deur beter opbrengste. Finansieringskoste is gedurende die tydperk negatief geraak deur 'n toename in die primakoers. Die aflossing van skuld wat verband hou met die Actom-belegging sal vorentoe 'n vermindering in die groep se finansieringskoste tot gevolg hê.

KTH het 'n dividend van R37 miljoen aan aandeelhouers in November 2022 en R43 miljoen in April 2023 betaal.

PRESCIENT

**42.4%** Effektiewe belang

## Prescient China Equity Fund (Prescient)

### Profiel:

Prescient, wat 'n sistematiese, kwantitatiewe benadering volg om langtermynkapitaalgroei na te streef, belê in genoteerde aandele in die Chinese mark en gebruik die Shanghai Shenzhen CSI 300 indeks as maatstaf.

**Webwerf:** wwww.prescient.co.za

MILESTONE CAPITAL 麦 顿 投 资

**28.1%** Effektiewe belang

## Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)

### Profiel:

Milestone III, gesetel in Hongkong, is 'n privaatekwiteitsbeleggingsfirma, met China as fokus.

**Webwerf:** www.mcmchina.com

# GEDIVERSIFISEERDE BELEGGINGSVOERTUIE
(vervolg)

**100.0%** Effektiewe belang

## Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)
### Profiel:
Invenfin fokus op kleiner vroeëfase-beleggings.

**Webwerf:** www.invenfin.com

**16.2%** Effektiewe belang

## Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)
### Profiel:
PRIF is 'n fonds wat fokus op privaatsektor belegging in infrastruktuur oor die Afrika kontinent.

**Webwerf:** www.pembani-remgro.com

**6.5% (Fund I)** **10.0% (Fund II)** Effektiewe belang


## Asia Partners I LP en Asia Partners II LP (Asia Partners)
### Profiel:
Asia Partners maak private ekwiteits- en ekwiteitsverwante beleggings in tegnologie, of tegnologie-bemagtigde maatskappye hoofsaaklik gefokus in die Suidoos-Asiëstreek.

**Webwerf:** www.asiapartners.com

# MEDIA

| Bydrae tot wesensverdienste | **30 Junie 2023 R miljoen** | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| eMedia Investments | **130** | 145 |
| Ander | **41** | 33 |
| | **171** | 178 |

## Bydrae tot kategorie


eMedia Investments
**76%**


Ander
**24%**

**32.3%** **Effektiewe** belang

### Profiel:
eMedia Investments beskik oor 'n reeks mediabelange waarvan e.tv die beduidendste is. eMedia Investments is die enigste onafhanklike gratis televisie-uitsaaier in Suid-Afrika.

## Korporatiewe inligting

**Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2023:** R2 040 miljoen

**Ongenoteer**

**Hoofuitvoerende beampte:** M K I Sherrif

**Remgro genomineerde direkteure:**
H J Carse, N J Williams

**Webwerf:** www.etv.co.za

| FINANSIËLE HOOGTEPUNTE | Jaar geëindig 31 Maart 2023 R miljoen | % |
|---|---|---|
| Omset | **3 125** | **(0.6)** |
| Bedryfswins | **565** | **(0.5)** |
| Wesensverdienste | **401** | **(11.1)** |

## Volhoubaarheids-maatstawwe

**KMB/Opleidingspandering:** R83 miljoen

**Aantal werknemers:** 1 033

**BBSEB-status:** Vlak 2

**Omgewingsaspek:**
Vlak 1- en 2-uitlatings van 6 085 ton $CO_2e$

## eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments)

Remgro het 'n effektiewe belang van 32.3% in eMedia Investments, wat oor 'n reeks mediabelange beskik, waaronder Suid-Afrika se enigste private gratis televisiekanale (e.tv, eMovies, eMovies Extra, eExtra, eToonz, eReality, eXposed, ePlesier en eVOD), eNews Channel Africa (eNCA), die gratis satellietplatform Openview, Gauteng-gebaseerde radiostasie, Yfm, en verskeie ander ateljeefasiliteite en produksiebesighede.

eMedia Investments het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2023 by dié van Remgro ingesluit vir die jaar onder oorsig. eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R130 miljoen (2022: R145 miljoen) bedra.

eMedia Investments se markaandeel is 32.0% (Maart 2022: 31.3%). Gedurende die spits-tydgleuf, is eMedia Investments se markaandeel 34.5% (Maart 2022: 34.1%), wat eMedia Investments die grootste uitsaaier in beide die 06:00 tot 24:00 en die spits-tydgleuf maak. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat eMedia Investments die SAUK in die spitstydgleuf klop. In die finansiële jaar is Imbewu en Durban General van die skedule verwyder en vervang met Smoke & Mirrors en Nikiwe. Dit, saam met 'n hermodellering van The Black Door, en 'n verandering van die naam na Isitha – The Enemy, skep verwagtinge van 'n toename in markaandeel.

Na 18 maande se vertraging en 'n suksesvolle hofsaak om te verseker dat meer as vier miljoen Suid-Afrikaanse huishoudings nie voortydig deur die analoog-afskakeling van televisie benadeel word nie, is eMedia Investments se aanvanklike plan vir die mees geskikte manier om analoog-televisie af te skakel deur die nuwe Minister van Kommunikasies aanvaar en geïmplementeer.

# MEDIA (vervolg)

## eMedia Investments (vervolg)

Dit beteken dat die beskikbaarstelling van telekommunikasie-spektrum op 31 Julie 2023 gerealiseer is en dat die res van die analoogdienste, benede 694Mhz, tot Desember 2024 sal voortduur. eMedia Investments is daartoe verbind om ten nouste met die Departement van Kommunikasie te werk om die analoog-afskakeling teen die vasgestelde tyd te laat plaasvind. Die alternatief tot analoog-televisie is eMedia Investments se Openview-gratisdiens en laasgenoemde sal verseker dat sy ontvangstoestelle beskikbaar is in alle gebiede wat deur senders bedien word wat geleidelik teen Desember 2024 afgeskakel gaan word.

eMedia Investments het konstant, vier of vyf van sy kanale in die top tien van alle satellietkanale in die land. Hierdie kanale het 'n twispunt tussen DStv en eMedia Investments geword. In Mei 2022, het DStv vier van eMedia Investments se gewilde kanale van hul platform verwyder. Sedertdien het die Mededingingsappèlhof 'n interdik aan eMedia Investments toegestaan en beveel dat die kanale op die DStv-platform herstel word in afwagting van 'n ondersoek deur die Mededingingskommissie. Laasgenoemde se bevinding was dat eMedia Investments nie skade gely het nie en dat DStv se gedrag nie onmededingend was nie, waardeur die deur geopen is vir die verwydering van daardie kanale van DStv. eMedia Investments betwis hierdie bevindinge.

Die Openview-platform het die aantal geaktiveerde ontvangstoestelle tot 3 166 461 op 31 Maart 2023 (31 Maart 2022: 2 774 454) verhoog, met nagenoeg 1 074 toestelle wat per dag geaktiveer word na die aankondiging van die SABC-vennootskap, asook die loodsing van die SABC-sportkanaal tesame met die afskakeling van laasgenoemde se analoogsein.

eNCA bly steeds die mees gekykte nuuskanaal in die land onder die LSM 8 tot 10 kykers en die tweede mees gekykte nuuskanaal onder volwassenes, ondanks die feit dat dit nie op alle pakkette van DStv beskikbaar is nie. Die groep het 'n verdere eksklusiewe vyfjaarooreenkoms met MultiChoice aangegaan vir die beeldsending van eNCA.

Die eVOD-platform is nou meer as 12 maande oud en is goed deur sy teikenmark ontvang. Die aantal geregistreerde kykers sover is bemoedigend, met daaglikse kyktyd wat 1 500 000 minute oorskry. Die eOriginals-aanbod op eVOD tesame met die Afrikaans-Turkse-telenovelas lok die meeste kykers, wat die groep optimisties maak om 'n bykomende R100 miljoen in oorspronklike plaaslike inhoud te belê.


eMedia Investments fokus op tegnologiese vooruitgang en topgehalte plaaslike inhoud met inisiatiewe soos eVOD, Ultraview en Snapeee. eVOD, die OTT-platform, hoofsaaklik gevul met e.tv se plaaslike inhoud in 'n video-op-aanvraag-formaat, groei bestendig. Ultraview is die betaal-tv en het in April 2023 begin. Snapeee neem liniêre televisie na 'n digitale ervaring vir die gehoor deur die gebruik van 'n televisieskerm en mobiele foon om televisiekyk gladweg na 'n dubbelskerm-ervaring te voer.

Die konstruksie van 'n super-moderne VFX-studio in Hyde Park is begin en sal klaar wees teen einde Maart 2024. Ander ontwikkelings sluit 'n verbeterde ontvangstoestel in.

# PORTEFEULJEBELEGGINGS

| Bydrae tot wesensverdienste | 30 Junie 2023 R miljoen | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| FirstRand | **605** | 389 |
| Momentum Metropolitan | **141** | – |
| Ander portefeuljebeleggings | **58** | 55 |
| | **804** | 444 |

## Bydrae tot kategorie




FirstRand

**2.2%** **Effektiewe** belang

## FirstRand Beperk (FirstRand)

### Profiel:

FirstRand, deur sy portefeulje van geïntegreerde finansiëledienstebesighede, waaronder FNB, RMB, WesBank, DirectAxis, Aldermore, MotoNovo, Ashburton Investments en MotoVantage, bedryf sake in Suid-Afrika, sekere markte in die sub-Saharastreek in Afrika, die Verenigde Koninkryk en Indië.

**Webwerf:** www.firstrand.co.za

Discovery

**7.8%** **Effektiewe** belang

## Discovery Beperk (Discovery)

### Profiel:

Discovery is 'n globale, geïntegreerde finansiëledienste-organisasie wie se pioniers-versekeringsmodel van gedeelde waarde regoor sy besighede gebruik word om die kerndoelwit te bereik, naamlik om mense gesonder te laat leef en hulle lewens te verbeter en te beskerm.

Sy produkreeks strek van gesondheidsversekering, administrasie en bestuurde sorg van mediese skemas tot lewensversekering, korttermyn persoonlike en kommersiële versekering, langtermyn-besparings en -beleggings, bankdienste en gedragsveranderingsprogramme.

**Webwerf:** www.discovery.co.za

# PORTEFEULJEBELEGGINGS (vervolg)

**9.1%** **Effektiewe** belang

## Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan)

### Profiel:

Momentum Metropolitan is een van Suid-Afrika se grootste gediversifiseerde finansiëledienste-maatskappye, met noterings op die JSE, A2X-finansiële markte en Namibië-effektebeurs. Die besigheid gaan oor beskerming (lewens en nie-lewens), beleggings en langtermyn-besparings en sake word deur die Momentum-, Metropolitan-, Guardrisk- en Eris Properties-handelsmerke bedryf.

**Webwerf:** www.momentummetropolitan.co.za

**0.1%** **Effektiewe** belang

## British American Tobacco plc (BAT)

### Profiel:

'n Vooraanstaande multi-kategorie verbruikersgoederebesigheid, wat ten doel het om 'n beter toekoms te bou en die gesondheidsimpak van die besigheid te verminder deur die aanbod van 'n groter keuse van genotvolle, minder riskante, produkte vir verbruikers. Die maatskappy verkoop vyf hoofkategorieë produkte: damp-, verhitte tabak-, moderne mond-, tradisionele mond- en ontbrandbare sigarette.

**Webwerf:** www.bat.com

# MAATSKAPLIKE IMPAKBELEGGINGS

| Bydrae tot wesensverdienste | 30 Junie 2023 R miljoen | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| Maatskaplike impakbeleggings | **(24)** | (20) |

**50.0%** **Effektiewe** belang

## The Blue Bulls Company Eiendoms Beperk (Blue Bulls)

### Profiel:

Blue Bulls bestuur die Blue Bulls professionele rugby-unie, Loftus Versfeld en sekere amateur- en bestuursaksies en bedrywighede van die Blue Bulls rugby-unie.

**Webwerf:** www.bullsrugby.co.za

Stellenbosch Academy of Sport

**100.0%** **Effektiewe** belang

## Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk (SAS)

### Profiel:

SAS verskaf aan plaaslike en internasionale sportspanne en atlete afrigting en 'n voorbereidingsomgewing van wêreldgehalte.

**Webwerf:** www.sastraining.co.za

Stellenbosch Football Club

**100.0%** **Effektiewe** belang

## Stellenbosch Football Club Eiendoms Beperk (SFC)

### Profiel:

SFC neem aan die Suid-Afrikaanse Premiersokkerliga deel. Die belegging in die klub bevorder Remgro en die Stellenbosch Academy of Sport se plaaslike gemeenskapsbetrokkenheid.

**Webwerf:** www.stellenboschfc.com

# TESOURIE- EN BESTUURSDIENSTE

| Bydrae tot wesensverdienste | 30 Junie 2023 R miljoen | 30 Junie 2022 R miljoen |
|---|---|---|
| Sentrale tesourie | | |
| – Finansieringsinkomste | **650** | 224 |
| – Finansieringskoste | **(628)** | (627) |
| Netto korporatiewe inkomste/(koste) | **205** | (252) |
| | **227** | (655) |

## Remgro Finansieringskorporasie Eiendoms Beperk
## Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk
## Remgro USA Limited – Jersey
## Remgro Bestuursdienste Beperk
## V&R Management Services AG – Switserland

### Profiel:

Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesouriefunksie, sowel as bestuurs- en ondersteuningsdienste.

**Ongenoteerde maatskappye**

Finansieringsinkomste het R650 miljoen (2022: R224 miljoen) bedra. Die toename is hoofsaaklik weens die styging in die Suid-Afrikaanse repokoers en 'n hoër gemiddelde kontantbalans, vanweë die verkoop van 60 miljoen FirstRand-aandele en Remgro se belegging in Grindrod Shipping. Finansieringskoste het R628 miljoen (2022: R627 miljoen) bedra. Ander netto korporatiewe inkomste van R205 miljoen (2022: netto korporatiewe koste van R252 miljoen) sluit 'n na-belaste buitelandse valutawins van R522 miljoen in wat gerealiseer is op buitelandse valutakontrakte wat aangegaan is om 'n bykomende indirekte belang van 5.4% in Mediclinic te verkry.